

POLISIE EN
SWERWER-SPEUR-
DER-REEKS
No. 26.
Kiem van
die Dood.
GERRIE
RADLOFF

Hy is aan hul buitekant toe hulle om die hoek in die gang sny. Dit veroorsaak dat hulle twee tree voor hom is toe hulle by die hysbakdeure verbyskiet. Het hulle besluit om verder met die trappe op te gaan, sou hulle hier effens vasgeskop het om hul draai te kry. Maar Vertishi en Marx hardloop voluit om die ingang van die ander gang te bereik voordat die polisie om die hoek verskyn.
Obed trap vas en slinger homself teen die trappe op. Hy hoor Vertishi gedemp uitroep maar tegelykertyd weergalm daar ook 'n opgewonde kreet en Obed weet dat die agtervolgers hul prooi gewaar het. 'n Oomblik later knal die eerste skoot. Wie dit gevuur het, weet Obed nie.

Stofomslag: Chris du Plooy



# INHOUD

| Hoofstuk | | Bladsy |
| --- | --- | --- |
| 1. | 'n Vrou se Vrees | 3 |
| 2. | Dood in die Donker | 17 |
| 3. | Eensydige Ooreenkoms | 30 |
| 4. | Steel of Sterf | 41 |
| 5. | Vervalste Lyk | 58 |
| 6. | Die Twee Waghonde | 73 |
| 7. | Tyd Verstreke | 87 |

## Hoofstuk 1

# 'N VROU SE VREES

,,Seksmoorde!'' Obed de Swardt tik die koerant met sy voorvinger en dan pluk hy 'n korrel druiwe van die tros in die vrugtebak op die tafeltjie langs die rusbank waarop hy na die aandete uitgestrek lê in die gerieflike sitkamer van sy huis, Drie Gewels, in Linden. ,,Ek sê jou, Jagter,'' vervolg hy vertroulik teenoor die groot wolfhond, ,,die wêreld gaan tot niet.''

Jagter roer nie sy stert nie maar waar sy kop op sy voorpote lê, draai hy net sy een oog na sy baas se kant toe. Dikwels word dit van hom verwag om hier op die tapyt langs die rusbank te lê en luister na dinge wat hom nie eintlik interesseer nie.

Obed se bruin oë dwaal oor sy bladsy. Sy borselkop lyk netjies en sy gelaat is ontspanne. Sy reguit lippe en sterk ken beweeg egalig onderwyl hy aan die korrel kou. Sy breë skouers is krom teen die kussings en sy een been hang oor die rand van die rusbank.

,,Tweede soortgelyke geval binne 'n week,'' mompel hy en, soos altyd, gaar hy die inligting op en bêre dit in die spesiale kompartement vir moontlike ondersoeke in sy onderbewussyn. Hy voel lus om sy neus in hierdie saak te steek. Dis al geruime tyd—amper 'n volle week—sedert daar voldoende opwinding in sy lewe was. En Obed glo daaraan dat 'n mens se verstand, net soos jou liggaam in die geval van rugby, in oefening moet bly, indien hy ten alle tye 'n puik vertoning wil lewer.

,,Amos!'' roep Obed luidkeels, ,,waar is my tweede koppie koffie dan?''

Obed de Swardt woon alleen in hierdie pragtige woonhuis wat diep tussen die roostuine en priële lê. Hy het skatryk geërf. Hy besit 'n groot plaas in die Bosveld, wat deur 'n knap voorman bestuur word en dit voorsien Obed van 'n inkomste wat selfs die

spandabelrigste jongman moeilik sou kan deurbring.

Maar nooit wou Obed hierdie aangename toedrag van sake as 'n ekskuus vir 'n luilekker lewe gebruik nie. Sy wakker verstand en bruisende energie het hom nog altyd tot studie en aksie gedryf. Na sy universiteitsloopbaan het hy vakke soos die sielkunde, sosiologie, kriminologie en tale verder gevoer. Hy kan sewe tale vlot praat.

Hy haal gereeld sy provinsiale rugbyspan en neem aan verskeie ander sportsoorte deel. Boks, veral, het om verskeie redes nog altyd baie van sy tyd geverg.

En omdat hy nie vir sy bestaan hoef te werk nie, doen hy private speurwerk as tydverdryf. In werklikheid is dit sy ernstige belangstelling en het hy dit sy lewenstaak gemaak. In so 'n mate kan hy hom in 'n ondersoek verdiep—in sake waarvan die polisie dikwels heel onbewus is of wat buite hul bereik is—dat hy dae en nagte sonder kos en slaap sal bly.

En uit sy agtergrondskennis en praktiese ondervinding het Obed 'n sesde sintuig ontwikkel. Nuus in koerante wat vir die gewone man skaars van alledaagse belang is, wek by Obed eienaardige voorgevoelens. Dit is nou die geval met hierdie berig oor die twee geheimsinnige seksmoorde wat in Bothaspark gepleeg is.

Die korrelkop-kok, Amos, kom die sitkamer met 'n koppie koffie binne. Hy sit dit op die tafel langs die rusbank neer en Obed kyk hom 'n oomblik ondersoekend aan.

,,Waar is nooi Tessa, Amos?" verneem hy beskuldigend.

,,Ek pas haar nie op nie, my basie," antwoord Amos glimlaggend.

,,Bel dan weer," versoek Obed. ,,Hoor of iemand nou antwoord gee."

Onderwyl Amos dit doen, gaan Obed se oë weer oor die berig op die voorblad. Die vermoede is dat die moorde deur dieselfde persoon gepleeg is. Albei slagoffers was vermink en die klere half





van hul liggame afgeskeur. Hul lyke is tussen welige struike aangetref.

,,Sy is nog nie daar nie," deel Amos hom mee en plaas die gehoorbuis op die mikkie terug.

,,Ja," sug Obed. ,,Ek wonder waar sy weer vanaand rondflenter." Hy loer na Amos. ,,Ek sal later vanaand miskien so 'n rukkie uitgaan, Amos," deel hy sy getroue bediende mee. ,,Jy hoef nie te wag totdat ek terugkom nie." Maar onderwyl hy dit sê, weet hy dat Amos oor daardie punt self sal besluit. Gewoonlik is hy nog in die kombuis en snuif Jagter op die werf rond wanneer Obed na 'n nagtelike uitstappie by Drie Gewels terugkom—al is dit ook al hoe laat in die nag.

Amos verlaat die sitkamer. Obed pluk nog 'n korrel druiwe.

Die res van die nuus op die voorblad is vir hom nie van veel belang nie. Onder in die regterhoek is 'n klein beriggie oor ontdekkings van twee geleerdes—een 'n medikus en een 'n wetenskaplike—in verband met 'n siekte wat laas 'n epidemie gedurende die middeleeue veroorsaak het. Sedertdien het dit nog nie voorgekom nie en hierdie twee navorsers beweer nou dat hulle die kiem ontdek het wat daarvoor verantwoordelik was. Volgens hulle sal die lewende mens van die twintigste eeu geen weerstand teen so 'n kiem hê nie. Daar word egter geen kommentaar oor die saak gelewer nie en wat hierdie ontdekking nou eintlik behels, word nie verduidelik nie.

Obed swaai sy ander been ook van die rusbank af. Hy stoot die koerant opsy en sit gebukkend op die rusbank terwyl hy Jagter tussen die ore streel. Dan staan hy op, rek homself uit en stap na die telefoon. Hy bel Tessa se nommer weer. Die telefoon lui lank maar daar is geen antwoord nie.

Moontlik is sy saam met 'n vriendin bioskoop toe of dalk het sy iemand na werk ontmoet en het hulle saam gaan eet. Hy bel 'n ander nommer.

,,Hallo, dokter Uys hier.''

,,Hallo, Albert,'' groet Obed ewe geselsend.

,,Obed!'' roep Albert uit. ,,Dit is 'n verrassing om weer van jou te hoor.''

,,Ek het vakansie gehou gedurende die afgelope week,'' werp Obed droog terug.

,,O, so? En in sulke tye vergeet jy jou vriende.''

,,Wat is 'n vriend vir jou werd tensy jy in 'n noodtoestand verkeer?'' vra Obed kalm.

,,In daardie geval, ou vriend,'' deel Albert hom mee, ,,sal ek verkies dat jy my nie weer skakel tensy jy geen probleme op hande het nie.''

,,Jy gee voor dat dit op die oomblik 'n probleem is—dat ek in die moeilikheid verkeer.''

,,Geensins,'' antwoord Albert. ,,Ek kan my egter skaars voorstel dat jy nie die een of ander guns van my wil vra nie.''

,,Dink jy dalk ek het jou hulp nodig?'' sê Obed snydend. ,,Ek bel jou om bloot vriendskaplike redes. Ek verkeer doodrustig hier in my huis en so ver dit my betref, kan jy jou gang gaan en doen wat jy wil. Die laaste ding wat ek sal doen, is om jou te vra om vir my iets te doen.''

,,Wel,'' sug Albert. ,,Dan waardeer ek werklik jou oproep.''

,,Gaaf,'' gee Obed toe. ,,Soos ek sê, doen wat jy wil, maar bel Tessa se nommer so af en toe gedurende die aand en vind uit waar sy was. Sê vir haar dat ek al verskeie kere probeer het om met haar in aanraking te kom en dat ek besonder onthuts is deur die feit dat sy nie in haar woonstel by die telefoon sit en wag vir geval ek dalk bel nie.''

,,Dan hou jy jou woord!'' roep Albert uit. ,,Jy doen my 'n guns. Dankie vir die voorreg om die beeldskone Tessa te kan bel. Mag ek verneem waarom jy nie in staat sal wees om dit self te doen nie?''

,,Ek sal uithuisig wees.'' Obed lag opgewek. ,,Ek het lus om 'n





rukkie in 'n park te gaan wandel. Die vars aandlug sal my verfris. Ek het vanoggend met Tessa gesels en haar gesê dat ek vanaand daar by haar sal inkyk. Ek het nou egter 'n paar keer geskakel en sy is nog nie tuis nie.''

,,Nou maar goed, Obed,'' antwoord Albert heel ernstig. ,,Ek sal dit doen. Veronderstel ek kry ook geen antwoord nie, wat dan?''

,,Dan skakel jy al die hospitale, die polisiekantore, die brandweerstasie, die weermag, die. . .''

,,Natuurlik,'' val Albert hom in die rede. ,,Ek tref dadelik reëlings om 'n personeel aan te stel. Die poskantoor behoort binne die volgende halfuur 'n honderd telefone in my huis te installeer.'' Hy aarsel. ,,Wat voer jy in die mou, Obed?''

,,Niks,'' verseker Obed hom. ,,Ek gaan eerlikwaar so 'n rukkie in 'n park wandel. Maar jy weet self dat Tessa 'n redelik gedissiplineerde persoon is. Sy het gesê dat sy vroeg tuis sal wees. Dit is nou nege-uur. As sy teen half-elf nog nie opgedaag het nie, wil ek net graag weet dat iemand wat belangstel sal begin navraag doen. Ingeval sy intussen hierheen bel, sal ek Amos vra om jou te skakel en jou gerus te stel.''

,,Obed,'' sê Albert stilweg. ,,Ek ken jou al lank. Wat het vanaand weer in jou gevaar?''

,,Niks!'' roep Obed uit. ,,Waarvan praat jy?''

,,Ek praat van jou.'' Albert huiwer voordat hy vervolg. Jy is 'n kunstenaar. 'n Ware kunstenaar het selde 'n objektiewe beskouing omtrent sy kuns. Vanaand voel jy iets aan, maar jy is daarvan onbewus. Ek merk dit dadelik op. Ek weet dat sekere gedagtes in jou onderbewussyn besig is om jou tot optrede te dwing. By jou is dit bloot 'n natuurlike gewaarwording. Soos iemand wat 'n hol gevoel op die maag kry en veel later eers agterkom dat dit etenstyd is. Ek weet dat daar reeds gedagtekombinasies agter in jou kop plaasgevind het. Jy self is daarvan nog onbewus. Dit kan vanaand, môre of oor 'n maand vir jou 'n werklikheid word. Jy het geen

oordeel oor jou eie insig nie. Jy doen iets omdat jy voel dat jy dit wil doen. Veel later kom jy agter waarom jy dit wel gedoen het. Net 'n buitestaander kan jou bewus maak van jou kuns—jy sal 'n meesterstuk met olieverf op 'n doek plaas en jyself sal dit aanskou en jy sal nie kan besluit hoe goed of hoe swak dit is nie. Iemand anders moet kritiek lewer. Ek ken jou lank, Obed, en ek voel vanaand dat jy..."

,,Kyk, ou vriend," val Obed hom in die rede, ,,roep my sodra jy jou volgende operasie uitvoer. Ek sal jou kom sê of die arme pasiënt sal lewe of sterwe."

,,Jy is nie ernstig nie," sê Albert verwytend. ,,Maar kom, ons laat dit daar. Ek sal Tessa se nommer met tussenposes skakel. Daag sy teen halfelf, elfuur nog nie op nie—ek neem aan dat jy die moontlikheid oorweeg dat sy saam met 'n vriendin, of dalk 'n vriend, indien jou ego dit kan verdra, bioskoop toe is—sal ek ondersoek instel."

,,Goed. Ek sal ook probeer om so af en toe 'n oproep te maak. Maar sê my," stap hy van die onderwerp af, ,,voordat iets nou weer gebeur wat sal veroorsaak dat ek my van die vrye samelewing afsonder, sien jy darem nog daardie blondine so af en toe?"

,,Natuurlik, ek. . ."

,,Ek stel nie belang in jou hartsake nie. Ek wil maar net aan die hand doen dat ons vier een aand saam uitgaan. Wat van môreaand?"

,,Ek het 'n pasiënt. Ek. . ."

,,Oormôre-aand?"

,,Gaaf. Half-agt hier by my."

,,Goed."

Obed plaas die spreekbuis terug. Hy vryf Jagter se ore, want die wolfhond het hom na die lessenaar gevolg en aandagtig na die gesprek geluister. Te dikwels tref sy baas afsprake en word hy tuis gelaat. Hy hou daarvan om te weet wat aangaan.

,,Daar kan dalk ander honde in die park rond wees," verduidelik





Obed. ,,Jy weet goed dat jy jouself nie kan gedra nie."

Jagter lag net. Hy sit sy voorpote teen Obed se bors en aan die uitdrukking in sy groot ronde oë ly dit geen twyfel dat hy dieselfde opvatting ten opsigte van Obed koester nie.

,,Amos!" roep Obed en hy stap in die gang kombuis se kant toe. Die getroue skepsel ontmoet hom halfpad.

,,Ek sal die baas dokter bel so gou ek van nooi Tessa hoor," sê hy dadelik.

,,Jy het weer geluister," berispe Obed.

,,Ek moet weet," antwoord Amos eenvoudig en Obed glimlag trots. Hy swaai om toe die skril klank van die telefoon uit die studeerkamer kom. Heelwaarskynlik is dit Tessa.

,,Hallo, de Swardt hier."

,,Mnr. de Swardt?" Die vrou se stem is hoog en gespanne. ,,Ek is mev. Toerien, mev. Bella Toerien."

,,Goeienaand, Mevrou. Is daar iets wat ek vir u kan doen?"

,,Ek wil jou graag dringend spreek." Dit is nie 'n versoek nie. Dit klink meer na 'n bevel.

Obed kan die stem nie heeltemal plaas nie. Sy kan 'n jong vrou wees, maar tog sal hy ook nie verbaas wees as sy redelik bejaard is nie. Bella Toerien klink na die naam van 'n bakvis en tog kan sy net sowel 'n skrilskellende viswyf wees.

,,In watter verband, Mevrou?" verneem hy egter beleef.

,,Jy is 'n private speurder, nie waar nie?"

,,Dit is nie eintlik my beroep nie," verduidelik hy bedaard. ,,Uit belangstelling sal ek dikwels. . ."

,,Ek het al baie gelees van jou prestasies, mnr. De Swardt. Jy het sake opgelos wat deur die polisie verwerp was. Die mantel van geheimsinnigheid wat jou persoon en jou bedrywighede omhul, oortuig my van die feit dat jy enige saak in die grootste vertroulikheid sal kan afhandel."

,,U beskrywing van my hoedanighede skep by my die indruk dat